Verwysing: 20160520-535
13/2/2/2/18
Navrae: AB Jantjies

Omsendbrief: 0028/2016
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore); Hoofonderwyskundiges; Bestuurders: Kurrikulumondersteuning; Kringbestuurders; Bestuurders: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur; Adjunk-hoofonderwyskundiges; Assesseringskoördineerders; Kurrikulumadviseurs en Hoofde van opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Kort opsomming: *Prosedure vir die bestuur van vakveranderinge in graad 10 tot12.*

Onderwerp: Bestuur en administrasie van vakveranderinge in graad 10, 11 en 12

1. Inleiding

1.1 Hierdie minuut vervang Assesseringsbestuursminuut 0025/2013, wat skole oor die bestuur van vakveranderings in graad 10, 11 en 12 ingelig het.

1.2 Die doel van hierdie omsendbrief is om vakveranderingsbeleid, soos gepromulgeer in die *Regulasies met betrekking tot die Nasionale Kurrikulumverklaring graad R – 12* soos gewysig in *Staatskoerant,* no. 39435 van November 2015, aan te kondig.

1.3 Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is daartoe verbind om die vakveranderingsbeleid wat met ingang van Desember 2016 geïmplementeer sal word ten volle na te kom.

1.4 Die skool se assesseringsbeleid moet die proses van enige vakveranderings wat op skoolvlak geïmplementeer word duidelik in hooftrekke beskryf.

1.5 Prinsipale moet seker maak dat alle graad 10-, 11- en 12-leerders korrek geregistreer is vir die vakke wat hulle gaan skryf en dat hul besonderhede aan die begin van elke jaar op die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS) vasgelê word.

2. Vakverandering in graad 10

2.1 'n Leerder mag hoogstens twee vakke in graad 10 verander.

2.2 Die sluitingsdatum vir versoeke van ouers aan skole vir vakveranderings is **30 Junie** en skole moet die vakveranderinge teen 31 Julie van die graad 10 jaar op SOBIS verander.

3. Vakverandering in graad 11

3.1 'n Leerder mag hoogstens twee vakke in graad 11 verander.

3.2 Die sluitingsdatum vir versoeke van ouers aan skole vir vakveranderings is **31 Maart** en skole moet die vakveranderinge teen 30 April van die graad 11 jaar op SOBIS verander.

3.3 In buitengewone gevalle kan 'n leerder een addisionele vak in graad 11 verander nadat sy/haar eindeksamenpunt vir graad 11 bekend gemaak is. Hierdie vakverandering moet voor 15 Desember van die graad 11 jaar gedoen word. Aangesien skole op 09 Desember 2016 sluit, moet alle aansoeke vir vakveranderinge teen 09 Desember 2016 ontvang en teen 20 Januarie 2017 op SOBIS vasgelê wees.

4. Vakverandering in graad 12

Geen vakverandering sal vanaf 2017 in die graad 12-jaar toegelaat word nie.

5. Administrasie van vakveranderinge vir graad 10 tot 11

5.1 Vroeë identifisering van leerders in graad 10 en 11 vir vakverandering is baie belangrik. Die vakonderwysers moet die leerders wat 'n risiko vir vakveranderinge loop, identifiseer en die ouers skriftelik in kennis stel.

5.2 Die ouer/voog moet skriftelik by die prinsipaal vir die vakverandering aansoek doen.

5.3 Die prinsipaal sal met die leerder, die ouer/voog en die vakonderwyser beraadslaag en konsensus moet bereik word of dit in die leerder se eie belang is om van vak te verander.

5.4 Na behoorlike beraadslaging en nadat ooreenstemming bereik is, moet die prinsipaal, ouer/voog en vakonderwyser 'n ooreenkoms (Bylae A) onderteken wat aandui dat die vakverandering in die leerder se eie belang gedoen word.

5.5 Die SOBIS-administrateur van die skool moet 'n afskrif van Bylae A en alle dokumente vir deeglike ondersoek bewaar.

5.6 Alle vakveranderinge vir graad 10 tot 11 sal deur die prinsipaal goedgekeur word en op SOBIS vasgelê word.

5.7 Distriks- en Hoofkantooramptenare sal hierdie versoeke vir vakveranderinge monitor.

5.8 Die WKOD sal nie laat vakveranderinge aanvaar of vakveranderinge op voorlopige skedules vir graad 12 toelaat nie.

5.9 Prinsipale word daaraan herinner dat die Nasionale Senior Sertifikaat 'n driejaarkwalifikasie is en dat elke vak in graad 10, 11 en 12 aangebied moet word. Kandidate mag nie aan die begin van graad 12 aansoek doen om vir 'n ekstra vak te registreer nie.

5.10 Skole word daaraan herinner dat die SOBIS-registrasiedata gebruik word om die graad 12-kandidate op die *Integrated Examination Computer System* (IECS*)* te registreer. Hierdie data word gebruik om die voorlopige skedules uit te druk.

6. Prinsipale en distriksamptenare word versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van die personeel, ouers en leerders te bring.

GETEKEN: PA VINJEVOLD
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2016-07-30